HET JAN MARAIS
NATIONALE FONDS

FINANSIËLE JAAR 2012-2013

VOORSITTERSVERSLAG

Gelewer op 17 September 2013

HET JAN MARAIS
NATIONALE FONDS

ALGEMEEN

Ons weldoener, wyle mnr Jan Marais, se testamentêre opdrag van 1915 aan die trustees van hierdie Fonds bly vandag nog net so relevant soos destyds, ten spyte van die vele en ingrypende veranderinge in ons land.

Die trustees gaan voort om aan die gees daarvan uitvoering te gee: deur die bevordering van die belange van die hele Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika, met voorkeur aan dié in die distrik Stellenbosch, bevorder ons terselfdertyd die belange van alle landgenote omdat Afrikaanssprekendes 'n onlosmaaklike deel van Stellenbosch en Suid-Afrika is.

Daar bly egter rede om bekommerd te wees oor die huidige toestand van ons land: 'n rigtinglose regering, diep gewortelde korrupsie, 'n selfs groeiende gaping tussen ryk en arm, en geen vordering met die vermindering van werksloosheid nie. Simptomaties hiervan is voortgesette en wydverspreide arbeidsonrus wat ook buitelandse en binnelandse beleggersvertroue nadelig beïnvloed.

Ook die belange van ons land se Afrikaanssprekendes word steeds eur die regering verwaarloos en selfs misken, ten spyte van die aanname van 'n nuwe Nasionale Talewet. Dit alles is nietemin nie rede vir pessimisme nie, maar eerder 'n aansporing tot selfhelp en onderlinge samewerking in os gemeenskappe, met die ondersteuning van organisasies soos Het Jan Marais Nationale Fonds.

In ons dorp en distrik, en in die Wes-Kaapse provinsie, gaan dit relatief goed. Nietemin bly daar groot armoede, veral in die bruin gemeenskappe waar ons nou vir die eerste keer onrus beleef het, wat ongelukkig ten dele polities aangeblaas is. Dwelmmisbruik en bendegeweld bly ook 'n reuseprobleem.

FINANSIES

Die internasionale ekonomiese onsekerhede, veroorsaak veral deur die voortgesette krisis in die Eurosone, het aangehou, al het groen grassies plek-plek kop uitgesteek. Ten spyte hiervan en ten spyte van die reeds genoemde nasionale politieke vrae, was die finansiële jaar tot 28 Februarie 2013 weer eens 'n goeie een vir Het Jan Marais Nationale Fonds.

Die Fonds kon die afgelope jaar afsluit met 'n batige saldo van meer as R940 miljoen (amper miljard rand), 'n verdere rekord in sy bestaan. Ook het die Fonds se inkomstestaat weer 'n styging vir die jaar getoon (van R20,7 miljoen na R21,7 miljoen, eweneens 'n rekordbedrag), hoewel hoër administrasiekostes betaalbaar aan die batebestuurders tot 'n daling van R0,8 miljoen in ons netto-inkomste gelei het.

Die bevredigende inkomsteposisie het die trustees in staat gestel om skenkings ten bedrae van R13,5 miljoen te maak, 'n styging vergeleke met die vorige jaar se R13 miljoen. Soos reeds gesê, kon dit gedoen word sonder om die groei van die Fonds se kapitaal te benadeel.

DANKWOORDE

Ek spreek graag my dank uit teenoor ons huidige batebestuurders: BoE Aandelemakelaars verteenwoordig deur mnr Ivan Joubert (bygestaan mnr HJ (Mof) Terreblanche), en Coronation Batebestuurders verteenwoordig deur mnr Johan Kriek. Hulle beleggingsprestasies in onvoorspelbare markte was goed en ons verhouding met hulle goed.

Hartelike dank ook aan ons bekwame ouditeure, die Stellenbosse kantoor van PriceWaterhouseCoopers, en aan ons langjarige sekretaris, mnr Danie van den Berg, vir die bestuur van en toesig oor die Fonds se

administrasie en geldsake.

Weer eens moet ek my dank teenoor elkeen van die trustees individueel uitspreek. Daar was in die afgelope jaar gelukkig weer geen wysiging in die geledere van die trustees nie.

PAD VORENTOE

Die trustees sal moet voortgaan om die Fonds se finansiële grondslag vir die lang termyn stabiel te probeer hou. Daarom het hulle ook die moontlikheid van direkte beleggings buite Suid-Afrika bespreek en prof Niel Krige gevra om daaroor aan hulle verslag te doen. In sy verslag het hy bevind dat so ‘n stap tans nie gewens sou wees nie, maar dat die Fonds in elk geval indirek op groot skaal buitelandse belange het.

Die trustees moet ook kyk na die voortgesette effektiwiteit en volhoubaarheid van ons bestuur, en veral na aanpassing by nuwe omstandighede soos die gebruik van die sogenaamde nuwe media en ander nuwe tegnologie deur die Fonds self en deur ons bevoordeeldes. Dit bied groot moontlikhede vir Afrikaans en Afrikaanssprekendes.

Ek sien uit na die viering van die 100-jarige bestaan van die Fonds in Mei 2015en na die boek wat dan sal verskyn. Prof Pieter Kapp maak uitstekende vordering met die skryf daarvan. Ek wil al die trustees vra om nou reeds die aand van Saterdag 30 Mei 2015 vir hierdie viering aan te teken, waarby ons nie net ons bevoordeeldes wil betrek nie, maar ook ander belanghebbendes soos lede van die Marais-familie.

A H VAN WYK
17 September 2013